

# Heilbron Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 18 Deel 110  
VRYDAG - 10 MEI 2019

www.heilbronherald.co.za  
R5-00 (BTW ingesluit)

## Gru-ongeluk eis jongman Bekende Heilbronner sterf tragies

Heilbron se gemeenskap is tot stilstand geruk toe 'n geliefde en bekende inwoner, Ruan van Vuuren (38), Vrydag 3 Mei in 'n motorongeluk oorlede is. Ongeveer agt kilometer buitekant Heilbron op die Sasolburgpad, het 'n verbygaande swaarmotorvoertuig se band gebars. Die vragmotorbestuurder het binne sekondes beheer verloor en teen die bakkie waarmee Ruan gery het, gebots. Ruan, tesame met drie jarelange, getroue werkers is opslag oorlede.

Ruan is op 7 Desember 1980 in Johannesburg gebore, maar het grootgeword in Noupoot in die Karoo. Daar het hy sy liefde vir jag, die natuur, diere en die plaaslewe ontdek. Hy het 'n groot deel van sy kinderlewe in Noupoot deurgebring, en het sy hoërskoolloopbaan in 1998 aan Hoërskool Heilbron voltooi.

Hy het altyd bekend gestaan as die pas-toor se seun. Ruan was ook lief vir hardloop en het op 19 sy eerste Comrades-wedloop gehardloop. Nadat hy gematrikuleer het, het hy in Bloemfontein IT gaan studeer. Daarna het hy by sy pa, Jan van Vuuren, wat die destydse Bonus Algemene Handelaars besit het, aangesluit.

Ruan het gou besef dat hy eerder wil boer. Dit was sy passie en sy Vleismerino skaapboerdery het vinnig vooruitgegaan. Hy het vroeër vanjaar sy eerste produksie-veiling van sy Kliphard Stoet aangebied saam met die Riemland Telersgroep. Hy word beskryf as 'n sterk, volwasse man, vol

wysheid en insig - 'n liefdevolle en nederige mens, enige ouer se droom. "Iemand om op trots te wees en die vriendelikste mens in die dorp." Mense was lief vir Ruan se humorsin en sy spontane geaardheid. "n Hart van goud wat net te vinnig weg is. Dankie vir die vreugde en liefde wat jy vir ons gebring het." sê sy goeie vriend, Nollie Engelbrecht.

Ruan se teraardebestelling het gister plaasgevind op Vegkop Feesterrein. Die diens was waargeneem deur Ds Tommie van Vuuren vanuit die NG Suidkerk in Heilbron. Hy laat na sy pa Jan van Vuuren, ma Rita van Vuuren, sussie Marisa van Vuuren, sy ouma Miemie Groenewald en sy geliefde vriende en ander familie.



### WATCH THIS SPACE

# JAC

### HOU DIE SPASIE DOP

## Kruisies is getrek

Miljoene mense het Woensdag hul kruisie getrek vir die 2019 Nasionale en Provinsiale verkiesing. Teen gister 16:00 het die verkiesingsuitslae soos volg gelyk: Op nasionale vlak het die ANC voorgeloopt met 56,61%, terwyl die DA tweede is met 23,37% nadat meer as 7 miljoen geldige stemme reeds getel is.

Op provinsiale vlak in die Vrystaat is meer as 340 000 stemme getel waar die ANC voorloopt met 62,78% en DA weereens tweede is met 18,01%. Na bewering het die stemlokaal by Hoërskool Heilbron die meeste stemme vir VF+ opgelewer op beide nasionale en provinsiale vlak.

## Boerpotwenner!



Op die foto bo die wenoomblik: Nadine (Musiek Roulette) en MJ Rothman. (Sien volledige berig op bladsy 2)

## Moedersdag Sondag 12 Mei

FRANKFORT VEILING

### FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING Elke Donderdag te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en  
inskrywings, skakel:  
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:  
"Waar sake **ELKE** keer die **EERSTE** keer  
**REG** gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317  
E-pos: frankfort@bkbouwid.co.za  
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:  
Piet Boshoff 083 210 7135

www.bkb.co.za



  
**TATA**  
HEILBRON

**VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!  
NOU OOP VIR BESIGHEID!**

  
**TATA**  
HEILBRON



# MJ wen groot met musieknote

Om op 20 jarige ouderdom die boerpot te kan wen, sit nie in enige ou se broek nie. MJ Rothman, oud Heilbronner en leerder aan die Hoërskool Heilbron het aan die bekende Musiek Roulette TV-speletjieprogram deelgeneem en met die wenprys weggestap. Hy noem dat hy nog altyd gemengde gevoelens oor speletjie programme gehad het en het dit altyd geniet om dit op TV te volg. "Maar dit

is frustrerend wanneer die deelnemers pryse wen vir dinge wat 'n mens self ook geweet het", vertel MJ. Dit het hom oorreed om self vir 'n reeks in te skryf en hy was mal oor die nuwe formaat van Musiek Roulette.

Hy het op 15 September 2018 gegaan vir 'n onderhoud en was baie verbaas toe hy deurgedring het. MJ was deel van 15 deelnemers wat teen mekaar meegeding het. Hy het aan die vyfde reeks van Musiek Roulette

deelgeneem. 13 episodes is gou-gou opgeneem en toe MJ hom weer kom kry, staan hy gereed om vir die boerpot te speel. En daar wen hy R169 425 met die laaste episode. Tesame met die res van die reeks se wengeld het hy weggestap met R201 975. "Ek het glad nie verwag om dit so ver te maak nie, maar my familie se ondersteuning reg deur die week het my deur dit gedra."

MJ is tans 'n derdejaar Farmasie (B.

Pharm) student by die NWU-kampus. Hy het met 'n deel van sy prysgeld aan sy studies en kar afbetaal en ook 'n deel belê. "Ek wil ook darem die aap uit die mou laat, dat ek ook 'n deel vir sosiale aangeleenthede gebruik het." "Ek was bevoorreg en alles is net genade, niks van dit kom uit my eie krag nie. Ek wil ook dankie sê vir almal se ondersteuning." Sluit MJ af. 'n Heruitsending van die finaal is op 16 Mei om 19:00 op SABC 2.



Op die foto bo: Sarina Rothman, Michael Rothman, MJ Rothman, Nadine, Hettie Rothman, Thys Rothman, Marinel Hoffman en Anton Hoffman.



MJ Rothman in die opname-ateljee.

## Meningsoor genadedood



Die gewigtige onderwerp van Genadedood is hierdie week by Heilbron Dienssentrum bespreek. Dit was 'n lewendige bespreking met baie uiteenlopende menings. Ds Tiaan Victor het ook 'n interessante bydrae gemaak. Daar was ook terselfdertyd afskeid geneem van Tannie Ina Venter wat Bloemfontein toe verhuis. Op die foto verskyn van die lede wat die dag bygewoon het: Voor vl: Issie Buhrmeister, Blonde Struwig, Annatjie van Aardt, Ivy Fourie, Ina Venter, Bettie Swart en Nellie Bierman. Agter: Gerda Theron, Joggie van Vreden, Bea Botha, Sharky Kuhn, Rita Groenewald en Ina Louw.

## VLU Koppies gee aandag aan die gestremdes

Met Koppies se VLU vergadering in April, was Hannes Horn die spreker. Hannes is 'n parapleeg en lid van Kroonstad Rolbalklub. Hannes vertel hoe hy op skool gekies was as sportman van die jaar waar hy deelgeneem het aan atletiek, rugby, boks, krieket, landloop, tennis en pluimbal. Sport was sy hele lewe, maar op 13 November 1992 het alles verander toe hy in 'n motorongeluk vanaf sy middelaf ondertoe verlam is. Die moeilikste van verlam wees is om eers net te leer om regop te sit. Hannes se sterk wil het hom gedryf en vinnig het hy aan rolstoel atletiek begin deelneem. Net 3 jaar na sy ongeluk word hy gekies om aan die Commonwealth Games in Engeland as parapleeg deel te neem. Hier verower hy een goue en drie brons medaljes, in gewigstoot en diskus. Hannes het ook gehengel vir SAPD, waar hy werksaam was, se

Vrystaatspan. Hy begin in 2000 rolbal speel. Verskeie oorwinnings is al agter sy naam geskryf. Verlede jaar het hy derde geëindig en 'n brons medalje gewen in enkels by SA se toernooi vir gestremdes. Hannes verstom ons elke dag oor sy positiewe uitkyk op die lewe. Die Vroue Landbou Unie beywer hulle om elke maand hul vergadering só aan te bied dat vroue kennis opdoen oor verskillende aspekte in die samelewing.

Interessante leersame kompetisies word aangebied en demonstrasies is ook deel van die byeenkoms. Ons leer slaai maak, konfytkook, brei, hekel, borduur, naaldwerk, skilder en verskeie handvlyt-artikels word gemaak.

Indien jy belangstel om te kom kyk wat ons doen, skakel asseblief vir meer inligting: Carina 083 635 2851, Elsa 084 600 6012 of Catrien 071 155 0848.



## Briewe aan:

### Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Helène Howell van Huis Bron-van-Heilgerig aan die redakteur.

Dis 'n besondere rots wat by ons Dagherdeur gestaan het, en is seker nog daar, dit is op ons gewese plaas Rock View. Verder op was nog baie rotse waarvan vorige eienaars ontslae geraak het.

My oorlede pa het Rock View van sy pa geërf en die plaas het toe nog nie 'n naam

gehad, toe sê my pa, hy gee die keuse aan my ma, wat die plaas se naam moet wees, toe gee sy dit die naam van Rock View. Hulle was glo met hulle "wittebrood" op 'n strandjie met die naam van Rockview. Waar die plek geleë was, het my ongelukkig ontgaan.

Op die foto is my oorlede oupa en ouma, van moederskant, en ek, Anna in die middel, en Hester by haar oppasser.



Hannes Horn, spreker, met sy medaljes en Catrien Koekemoer, sameroepster van VLU Koppies.



# Ventersburg NG Gemeente hou groot Orrelfees

11 Mei om 17:30

Op 13 Junie 1912 is die hoeksteen van die teenswoordige sierlike kerk deur president M.T. Steyn gelê, op dieselfde plek waar die ou geskiedkundige gebou gestaan het. Die argitek was William Henry Ford.

Die gemeente het 'n Cooper, Gill en Tomkins, 3 manueel orrel wat in 2018 herstel is, nadat daar water ingelek het by die Swelkas gedeelte van die orrel.

Saterdag 11 Mei om 17:30 bied die gemeente 'n orrelfees aan o.l.v. Isabel Kruger. Daar was aanvanklik 'n orreluitvoering gereël waar Isabel Kruger en Werner Ferreira sou speel. Na die skielike dood van Werner in Februarie 2019, is die program gewysig en 'n paar orreliste het saamgekom om hulde te bring aan 'n geliefde orrelvriend.

Die orreliste wat gaan optree is Gustav Potgier (huidige orrelis), Richard Cawood, (Aflos-orrelis), Annette Viviers (vorige orrelis) Hannelie Holtzhausen (Orrelis te NG Steynsrus), Pieter van den Berg, (orrelis te NHK Pretoria Oos) en Isabel Kruger

(Orrelis te NG Kroonstad Oos).

Die 2de gedeelte word hoofsaaklik opgedra aan Werner Ferreira met 'n paar komiese staaltjies uit sy lewe.

Werke van Jeremiah Clarke, GF Handel, Lemmens, Edward Elgar, Max Bruch en nog ander word gespeel. Op fluite is Carel en Carla Steyn (Kroonstad) en Carlo Wright (Klerksdorp) op trompet.

Die program behels ook 2 Improvisasies wat geskryf en verwerk is deur Carlo, Isabel en Pieter.

Die program word afgesluit met 2 duette op die orrel deur Isabel Kruger en Pieter van den Berg. Adagio in G Mineur van Tomaso Albinoni (Italië 1671-1751) asook Zie ons wachten aan de Stromen, 'n komposisie van Martin Mans (Nederland).

Kaartjies is R120 (wat 'n ete insluit) of R80 slegs vir die Orreluitvoering. Kaartjies moet bespreek word vir ete.

Kontak Martie van Deventer 073 034 2776. Ander kaartjies sal by die deure te koop wees.



## In die eg verbind



Piet Coetzer en Obi Visser is onlangs in die huwelik bevestig deur ds Hans van Vuuren. Obi sou in 'n spoggerige koets na die kerk geneem word, maar weens die reën, was 'n siksensblink motor 'n beter uitweg. Net toe Obi die kerk binnegestap het, het haar twee kleinkinders, Luca Lesch en Miané met groot entoesiasme 'n bordjie gewys met die woorde; "Oupa Piet, hier kom Ouma". Dit was 'n geleentheid wat nog lank onthou sal word. Die egpaar vestig hulle op 'n plaas naby Senekal.



Ons bakens is gemerk as Transnet, SAR&H, SAS, Patronet, Gas of Petroleum Products.



### 'n Veilige gemeenskap is 'n gelukkige gemeenskap

Hele gemeenskappe – en ons toekomstige voetbalsterre – leef, werk en speel veilig naby 'n Transnet Pipelines ondergrondse hoëdruk petroleum- of gas pyplyn. Hulle gehoorsaam die servituutvoorwaardes en maak seker dat almal in die gemeenskap dieselfde doen. Die servituut is oor die algemeen 6 meter wyd (3 meter aan elke kant van die wit bakens) wat vir die totale lengte van die pyplyne loop, en is 'n area waarvoor ons die regte het om die veiligheid van die pyplyne te handhaaf. Dit is UITERS BELANGRIK dat jou

aksies nie die integriteit van die pyplyne affekteer nie. Om naby die pyplyn bakens te GRAWE of te bou is gevaarlik en mag tot ernstige gevolge lei, wat beserings insluit.

**Help ons om jou gemeenskap veilig te hou. Bel ons voor jy grawe of inbreuk maak op die servituutarea!**  
0800 203 843 of 031 361 1456.



# MOEGGEPLOEG

## MY HARTSVRIENDIN NOEM HAARSELF ALTYD "MOEGGEPLOEG VAN HEILBRON."

En ek voel vandag soos "Moeggeploeg van Pretoria." Nee, ek is moegste-geploeg. Ek kan nie meer nie. Ek gee oor.

Ons is een van die min huise wat nie WiFi het nie. Waarom, weet ek nie. Dit is nou maar net so.

Ek het vier jaar gelede al 'n datakontrak uitgeneem van 2GB vir R99. Want dit is wat ek nodig sou hê. Daardie tyd was CellC se kontrak die billikste.

Op 1 April sien ek dat CellC 'n nuwe aanbod het: Ek kan 20GB kry vir R199. Lokaas. Ek bel dadelik en 24 minute daarna is die kontrak opgegradeer.

Ek praat met Manape. Wil ek 'n nuwe SIM-kaart wil hê? Het ek een nodig? Kan ek met myne aangaan? Ja, enige tyd. Skitterend. Kom ons drink op die nuwe kontrak. Dit sal binne 2 uur geaktiveer wees.

Die aand by die huis skakel ek die ou dingetjie aan en wil my rekenaar daaraan koppel. Ek sukkel en sukkel en sukkel, met geen sukses nie.

Ek skakel hulle weer. Nog amper 25 minute daarna hoor ek dat ek eintlik 'n nuwe SIM-kaart moes kry. Ek wip my in 'n nuwe bragroote in.

**EK BEL DIE VOLGENDE DAG: KAN EK DIE KONTRAK KANSELEER?** Ja, natuurlik, maar dit gaan tyd vat. Ek wip my weer en meer, en sê ek sal later weer bel.

Het jy nou al ooit probeer om met CellC in kontak te kom? Jy bel en dan vra die blikstem (amper skryf ek iets anders wat met blik begin) wat jy wil doen. Jy druk dan 'n nommertjie en dan moet jy die nommer in-sleutel. Wat dit nou erger maak, is dat die nommer van die datakaart nou nie juis iets is wat ek sal kan onthou nie. En as jy nie vinnig genoeg reageer nie, vra die blikstem: "Hello? Are you still there?" En dan smaak dit my ek kry 'n reeks klein beoortetjies.

As jy lank genoeg aanhou, antwoord iemand. Dan die vrae oor en oor: jou naam en van, fisiese adres, posadres, ID, die naam van jou bank en hoeveel kontrakte jy het. Ek het dit nou al seker seweduisend kere afgerammel. Teen daardie tyd het jy al 15 minute van jou lugtyd gemors.

Jy kan ook vir hulle 'n e-pos stuur via die webwerf. En dan hoop dat iemand jou gaan terugbel wanneer jy beskikbaar is. Jy kan net 'n kort, kriptiese boodskap stuur via hulle webwerf, dus sonder die vieslike byvoeglike naamwoorde wat ek wou byskryf.

**IEDERGEVAL: EK BEL LATER DIE DAG WEER VIR CELLC, NADAT EK KALMEER HET.** Goed, ek sal die kontrak behou. Kan hulle asseblief vir my 'n SIM-kaart stuur? Enige tyd, dit sal binne 48 uur afgelewer word.

Ek gaan kyk na my jongste CellC rekeningstaat: vir die afgelope vier maande was my R99-kontrak omtrent R239. Ek bel die volgende dag weer vir CellC. Ja, dit gebeur baie. Dit is, volgens die operateur, standaardprosedure: die rekening is vir 2GB teen R99, maar as jy meer as 2GB gebruik, beloop dit R239 vir x-hoeveelheid. Ek voel weer hoe my gewip my bragroote verhoog. Ek raak nou liederlik kwaad: Van wanneer af is 'n R99-kontrak nou ewe skielik R239? (Ek kan ook nou nie meer die regte bedrag onthou nie, maar dit was beslis nie R99 nie.)



Ek wag twee dae, geen SIM-kaart. Ek bel weer. Omtrent 27 minute daarna belowe hulle om my SIM-kaart te laat aflewer. En baie jammer vir die ongerief.

**EK BEL DIE VOLGENDE WEEK WEER: EK SOEK NOG MY SIM-KAART.** Hoekom, mevrou? Want... En ek begin weer verduidelik: Manape het van die begin af my nie vertel dat ek 'n SIM-kaart nodig het nie. Die man aan die ander kan van die lyn sê hy sal na die opname gaan luister en my die volgende dag terugbel.

Die volgende dag, sowaar, bel die snuiter my terug. Daar is geen melding in my en Manape se opname dat hulle 'n SIM-kaart by my gaan

kom aflewer nie.

Wat. Verstaan. Jy. Nie?? Dis die groot probleem. Niemand, niemand, niemand het gesê dat ek 'n nuwe SIM-kaart nodig het nie. Wat van, vra die man, ek gaan koop my eie SIM-kaart. Ek moet net 'n e-pos stuur na *whatever* adres en hy sal dit gou vir my doen.

**EK GAAN TOE VERLEDE MAANDAGAAND EEN KOOP.** Ek stuur vir die man 'n e-pos en ek wag nou nog dat hy my e-pos beantwoord.

Ek bel hom die volgende dag en die mens by wie ek toe uiteindelik uitkom, sal vir *whatever* weer 'n e-pos stuur. Soos genoem: ek wag nog steeds.

Donderdag, 'n week gelede, kry ek iemand in die hande wat gou-gou my *sim swap* sal doen. My kaart sal binne 2 ure werk.

Ek sukkel vir twee dae, daar is net mooi geen manier om aanlyn te raak nie. Saterdag stuur ek weer vir CellC 'n e-pos. Hulle sal my tussen 24 en 48 uur terugbel. En raai? Toe die mens my terugbel, kan ek nie antwoord nie.

My *moermeter* is nou maroen, nie eers meer naby rooi nie. Hier is 'n CellC winkel so 8km van ons af. Ek gaan Maandagaand soontoe *to plead my case*. Ek vertel vir die mannetjie wat daar werk dat ek nou regtig op my heel laaste is. Hy reken dit is my XTE *router* wat stukkend is, want die kaart werk.

Ek kom huis toe, sit my kaart in my man se *router*, en dit werk. Ek wil weer my man se kaart in sy *router* insit, maar ewe skielik is dit te groot. Ek vat die kleiner gedeelte van die SIM-kaart en druk dit in sy *router*. En *voila!* Die kaart verdwyn in die *router*. Dit sit nou vas. Nou het ek niks en 'n handvol vere.

**EK GAAN WEER NA DIE CELLC WINKEL TOE.** Kan die mannetjie die kaart uit die *router* uithaal? Nee, mevrou, daar is glad nie 'n kaart daarin nie. Ek het die kaart daarin gedruk, ek wêet daar is 'n SIM-kaart in.

Ek vra solank die assistent by die winkel of sy net weer kan kyk of sy tot dieselfde gevolgtrekking kom as die mannetjie oor my *router* wat stukkend is terwyl die *genius* kyk of daar regtig 'n SIM-kaart in my man se *router* wegkruip. Die assistent haal die SIM-kaart uit my *router*, fluit soos 'n *mechanic* wat 'n Toyota se *bonnet* oopmaak.

"Jy het die verkeerde *router*. Jy moes 'n nuwe *router* ook gekry het."

Eks lus en bars in trane uit.

Ek het steeds net niks en 'n handvol vere, 'n maroen *moermeter* en my wip is steeds in my vergrote bragroote.

# KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Moedersdag Sondag: 09:30 Erediens

Kleuterkerk / Kategese

Sin Kol: Vir Vrouelidmate / Blok 4

NG SUID

Moedersdag Sondag: 09:30 Erediens

Sin Kol: Fonds vir Vrouelidmate / Kategese

GEREFORMEERDE KERK

Sonday: 09:30 Erediens (Voorbereiding)

Kol: Deputate Jeugsorg / Katkisasie Les 12

Diensbeurte: Wyk 2 & 3

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sonday: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sonday: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug

Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - Sonday: 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sonday 10:00 Erediens (Heilbron) / VBO Les 13

Algemene Sustersvergadering

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sonday 10:00 Erediens - Kontak MP Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREFORMEERDE KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondayoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sonday: 10:30 Erediens / Woensdae: 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sonday: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / Dinsdag: 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38,

Jak 5:16, Eff 6:18 / Woensdag: Huissel, Donderdag: 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, Saterdag: 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sonday: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,

Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdag: 17:00 Jeugdientse & Oefeninge / Woensdag: 17:00

Gemeentediens & Biduur / Sonday: Heiligmaking om 10:30.

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of

Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00

Woensdag: 18:00 Bybelstudie

Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaai: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/

booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience

he proves that he believes).

Heilbron Herald

## GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker  
Dienssentrum  
vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag  
09:00 Kooroefening  
Dinsdag  
09:00 Bloeddrukke  
Woensdag  
09:00 Dorp toe  
10:00 Voetsorg  
Donderdag  
10:00 Sosiale program  
Vrydag  
09:00 Bybelstudie  
Kontakpersoon  
Petro Pretorius  
082 325 1322

Heilbron  
Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron  
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke

word geneem.

10:00 - Ledeprogram

(Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies,

Jukskei ensovoorts.

Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste  
tydens skoolvakansies



RIEMLAND MUSEUM  
TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak  
Quarta Pretorius 082 821 2410 of  
Magdaleen van Rensburg  
076 646 8576

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week  
vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE  
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP  
SATERDAE, SONDAE &  
OPENBARE VAKANSIE DAE.

Happy moments,  
Praise God.  
Difficult moments,  
Seek God.  
Quiet moments,  
Worship God.  
Painful moments,  
Trust God.  
Every moment,  
Thank God.



**GEKLASSIFISEERD**

Small

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140 www.heilbronherald.co.za

**E-POS ADRESSE**

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Lizzy herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Jolandri heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

**WEERVOORSPELLING**

Sa 11 Mei	8 / 24	Sonnig
So 12 Mei	6 / 25	Sonnig
Ma 13 Mei	5 / 25	Sonnig
Di 14 Mei	6 / 25	Sonnig
Wo 15 Mei	9 / 26	Sonnig
Do 16 Mei	8 / 24	Sonnig
Vr 17 Mei	7 / 23	Sonnig
Sa 18 Mei	8 / 23	Sonnig
So 19 Mei	8 / 23	Sonnig
Ma 20 Mei	7 / 23	Sonnig
Di 21 Mei	7 / 23	Sonnig

**KENNISGEWING**

**KENNISGEWING**

**SLOOTKRAAL- & GOTTENBURG BRANDBESKEMINGSVERENIGING**

Neem kennis van die jaarvergadering van Slootkraal- & Gottenburg Brandbeskermingsverenigingvergadering wat gehou sal word.

**Datum: 21 Mei 2019 - Tyd: 14:00**

**Plek: Boeresaal by Heilbron Gholf Klub**

**Spreker: Pieter Kemp (BBV) & Paul Els (Versekering)**  
Dit is belangrik dat alle lede en voornemende lede in die omgewing die vergadering sal bywoon.  
**Navrae: Marais Breytenbach 079 874 8849**  
**Elsabé Engelbrecht 082 308 6797**

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033.**

**TRADITIONAL HEALER**

*Dr Zakaria*

- Bring back a lost lover
- Fix troubled marriage
- Win a court divorce case
- Stop your partner from cheating
- Recover stolen goods.
- Remove bad luck - cleansing.
- Spiritual magic ring for gambling.
- Magic wallet for money.
- Penis enlargement and power.

CELL: 076 626 3002



**Besoek ons vir al u skryfbehoeftes, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.**

**BESIGHEIDSURE**

Maandae tot Donderdae:

07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30

Saterdag: 08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron

Tel: 058 852 3033

Faks: 058 853 0140

heraldnuus@heilbron.co.za



**TE HUUR**

**TE HUUR**

Oppervlak ±360vk meter.

**STENHARD NUWE GEDEELTE**

- 4 x Kantore.
  - 1 x Lokaal geskik vir handeldryf.
  - 1 x Groot lokaal vir stoorplek of werkswinkel.
  - Kombuis
  - Goëie toiletgeriewe ens.
- Kontak: Gert 073 468 8710  
Bertha 083 306 1301  
(Kan ook onder verdeel word)

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar. **Bespreek by Magda Bierman 083 292 1503**

**TE KOOP**

68 Claas Stroper met 'n sonneblom-en koringtafel. Skakel 064 903 7517 K1662

**TUPPERWARE TE KOOP**

Vir bestellings kontak Jolandri 079 846 1075

**GIG Technologies** Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!! From R299.00 p/m  
Berk Str 44 Heilbron 072 842 4495 info@gigtechnologies.co.za

**TE KOOP**

**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**

Aankoop van alle speenkawers. Kontak Jannie Bornman 072 287 4111 • Heilbron



**AANDAG**

Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroeëtydig uit die weg te ruim.

**A MIRROR OF WONDERS - TESTIMONIAL**



My dear ladies marriage is not a simple thing. As a single mum of 1 kid from my previous relationship, it all started a year after my new wedding me and my husband agreed to have a baby but we couldn't see anything. We tried regular medical check-ups but all proved us fine. To my surprise he started changing, abusing, cheating and heavy drinking was his daily routine. Things became worse he lost his job, our finances and assets were gone until I heard Mr Adams on a radio talk show and booked an appointment for two. He charged me R200 to read our fortune and showed us every detail about our situation in a mirror, I had been cast with a spell by my step mum. Mr. Adams made me a prayer and gave me a small bottle of oil.

Trust me, I am blessed with a baby boy, my husband got his job and finances back for other problems! I please recommended Mr Adams.

**For appointment with Mr. Adams call: 061 346 1827 (private and confidential)**  
**56 Corner President and Heil Street, Heilbron**

**DIENSTE**

**HEILBRON KLINIEK**

Griepsuite nou beskikbaar by kliniek.

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

**Swimming Pool Specialist**  
New Pools Pumps & Filters  
Pool Relinings Pool Heating  
**JOHAN 084 668 8865 All Areas**

**JAARBEPLANNER**

<b>MEI</b> 14-17 Nampo	21 Huis-en Tuinbouklub vergadering
22 Huis-en Tuinbouklub vergadering	<b>SEPTEMBER</b>
<b>JUNIE</b> 12 Huis-en Tuinbouklub vergadering	18 Huis-en Tuinbouklub vergadering
<b>AUGUSTUS</b> 2-3 Boeretreat	<b>OKTOBER</b> 12 SPAR-Gholfdag
	23 Huis-en Tuinbouklub vergadering

**EIENDOMME**

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

*Oir die beste transaksies en diens*

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes - 083 308 9159

**BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON**

**PLEK: N.G**

**Kerksaal (Suid)**

- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019

**WISSENTRAAL**  
Elke Woensdag Royal Auction Centre FRANKFORT

*Koopkrag gewaarborg*

Kontak ons bemarkers

**P.J. MÜLLER**  
060 966 9340

Bestuurder & Bemarker



**CORJAN DE JAGER**  
079 506 8777



Frankfort  
Cornelia  
Roadside

**FANIE VAN DER MERWE**  
082 494 3127

Frankfort  
Cornelia  
Oranjeville



**DAVID GERBER**  
082 489 7424  
Reitz  
Tweeling  
Petrus Steyn



**GERHARD HARTMAN**  
082 550 2054

Villiers  
Grootvlei



**HUGO GROENEWALD**  
082 569 7205



Koppies  
Edenville  
Heilbron  
Oranjeville

**IAN GROBBELAAR**  
060 965 6207

**Afslaer**





# Rugby-Bulletjies sê dankie

Vrydagaand, 3 Mei het 'n klomp o/6 en o/7 bulletjies trots saam hulle pa's die Bulletjie-dankie-sê-aand bygevoon by Hoërskool Heilbron.

'n Motiverings spreker, Fanie de Villiers het die aand bygevoon en die pa's ingelig

hoe hulle hul kinders se talente kan motiveer en ontwikkel. De Villiers is 'n bekende Suid-Afrikaanse krieketspeler wat gedurende 1992 en 1998 vir Suid-Afrika toetse gespeel het.

Die doel van hierdie geleentheid was om

bulletjie terug te gee aan die bulletjie-rugby se borge. "Ons vat nie net altyd nie, maar gee ook weer terug", noem een van die pa's. Daar was lekker skaap op die spit gebraa en dit is saam met smullekker bykosse geniet.

Aan die einde van die aand het die klomp

bulletjies trots op die verhoog gestaan toe hulle hul waterbottels, truie en broeke van die betrokke borge ontvang het. Die bulletjies is nou reg vir die rugbyseisoen en sien uit om 'n klomp drie'e te druk.



Op die foto bo verskyn die o/6 en o/7 bulletjies met hul waterbottels wat geborg is deur Pakworks. Voor: Moolman Victor, Johan Brits, Stiaan Boshoff, Phillip Kotze, Pieter Greeff, Jayden Rochat, Mack Mouton en Gerhard Underhay. Middel: Rudi Jonker, Jurie Jonker, Christan van Dyk, Antonie Mouton, FC Lourens, Tristan Swanepoel, Luan Bornman en Aiden Hayward. Agter: Nikolaas (Brood) Brits (afriqter), Pieter Underhay (afriqter), Fanie de Villiers, Shaun Hayward (borg) en Jurie Jonker (afriqter).



Op die foto bo verskyn die o/6 en o/7 bulletjies met hul truie wat geborg is deur Triple Voere. Voor: FC Lourens, Phillip Kotze, Jayden Rochat, Pieter Greeff, Moolman Victor, Johan Brits, Gerhard Underhay en Jurie Jonker. Middel: Stiaan Boshoff, Antonie Mouton, Christan van Dyk, Rudi Jonker, Luan Bornman, Tristan Swanepoel, Mack Mouton en Aiden Hayward. Agter: Nicolaas (Brood) Brits (afriqter), Pieter Underhay (afriqter), Tiaan Jacobs (borg), Fanie de Villiers en Jurie Jonker (afriqter).



Op die foto bo verskyn die o/6 en o/7 bulletjies met hul broeke wat geborg is deur Excelsus. Voor: Jurie Jonker, Pieter Greeff, Jayden Rochat, Moolman Victor, Johan Brits, FC Lourens, Phillip Kotze en Gerhard Underhay. Middel: Stiaan Boshoff, Christan van Dyk, Antonie Mouton, Tristan Swanepoel, Mack Mouton, Rudi Jonker, Aiden Hayward en Luan Bornman. Agter: Pieter Underhay (afriqter), Nicolaas (Brood) Brits (afriqter), Jurie Jonker (afriqter) en Fanie de Villiers.



Op die foto vl Jimmy de Villiers-Smith (SPAR Heilbron) en Fanie de Villiers.

## Tannie Hanna 100-jaar jonk



Geliefde inwoner van Huis Bronvan-Heil, Tannie Johanna Botha het op 9 Mei 2019 100 jaar oud geword.

Personel ken haar as die saggeaarde tannie, wat nooit vir pynpille vra of kla nie, wat baie liefde vir haar medemens het en 'n baie sterk geloof in die Skepper. Sy sê altyd dat alles goed gaan deur Sy genade. Hoewel haar sig en gehoor nou drasties afgeneem het, is sy steeds bekend vir talle skilderye uit haar kunstige kwas. Sy het klasse geneem in skilderkuns en blommerangskik in die sewentiger-jare. Van haar skilderwerk pryk in menige huise. Met haar aanleg het sy talle bruidsruiers gemaak en onthale, veral in Koppies, met massas blomme opgetooi.

Tannie Hanna was 'n voorslag in die kombuis. Talle jongmense het spesiaal van die geregte soos sjokoladekoek en sagoeding en selfs vleispasteitjies gevries!

Met hierdie mooi geaardheid en 'n hart vol liefde, sorg Tannie Hanna vir 'n spesiale plek in menige harte - so getuig haar familie en spesiale vriende.

### HOËRSKOOI HEILBRON, KWARTAALPROGRAM

10 Mei  
Sek. Tennis

14 Mei  
Sek. Hokkie: Suiderlig (tuis)  
Prim. Netbal: AJ Jacobs (weg)

16 Mei  
Sek. Netbal: Vaalpark (weg)  
Sek. Rugby: Vaalpark (weg)  
Sek. ATKV Redenaars (Kroonheuwel)

17 Mei  
Prim. ATKV Redenaars (Kroonheuwel)

21 Mei  
Sek. hokkie: H/S Riverside (weg)

23 Mei  
Sek. Netbal: Rondomtalie  
Prim. Netbal: Lumiere (weg)  
Sek. Rugby: Phoenix (weg)  
Sek. Hokkie: Sun Crest (tuis)

25 Mei  
Hoërskool Heilbron Wintersportdag

27 Mei  
Sek. Netbal: Liga Finale (SHS)

29 Mei  
Sek. Hokkie: Vanderbijlpark (weg)



# Baanbrekersvergadering tussen landboustrukture

## *Fidelity ADT gee landelike veiligheid hupstoot*

### • Vrystaat Landbou

'n Baanbrekersvergadering en 'n eerste stap om veiligheid en misdaad in landelike gebiede op 'n hoër vlak aan te spreek. Só het Jakkals le Roux, Voorsitter van die Landelike Veiligheidskomitee by Vrystaat Landbou (VL), 'n belangrike vergadering tussen georganiseerde landbou en Fidelity ADT beskryf. Die doel van dié vergadering, tussen Fidelity ADT, VL, Agri Noord-Kaap, die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) in die Vrystaat en Noord-Kaap én Agri SA, was om aspekte wat groter veiligheid en bekamping van misdaad op die kommersiële landbousektor in die Vrystaat en Noord-Kaap te versterk. Die voorkoming van ernstige gewelds- en eiendomsverwante misdade vorm deel hiervan. Die vergadering het op 29 April 2019 by die Middelwater Plaas Hotel buite Bloemfontein plaasgevind.

Tommie Esterhuyse, Voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid by Agri SA, het gesê die betrokkenheid en uitbreiding van Fidelity ADT se voetspoor in die landelike gebiede, in samewerking met landbouers, gaan in alle areas tot 'n "wen-wen situasie" lei. Esterhuyse is ook Vise-president van VL. Fidelity ADT wil samewerking en vennootskappe in landbougemeenskappe in die twee provinsies uitbrei deur samewerking tussen bestaande plaaswagte en bestaande Fidelity ADT beheerkamers te bevorder. Wahl Bartmann, Hoof Uitvoerende Beampte van die Fidelity-dienstegroep, en sy span deskundiges het die

vergadering bygewoon. Alle streeksveiligheidsvertegenwoordigers van VL, afgevaardigdes van Agri Noord-Kaap en die RPO was ook teenwoordig.

Die toename in veral eiendomsverwante misdade op landbougrond, waarvan veediefstal die grootste georganiseerde misdaad is, sal deur middel van groter tegnologiese hulpmiddels, verbeterde inligtingsvloei en groter toetrede van privaatsekuriteit aangespreek word. Die integrering van kamerastelsels en inligting vanaf bestaande plaaswagte, die identifisering van hoë misdaadareas, asook die opleiding van die lede van landbouverenigings en gebiedskantore van georganiseerde landboustrukture is bespreek. Volgens Le Roux is 'n taakspan saamgestel om maandeliks te vergader om die vordering met die implimentering, die vloeï van inligting en aspekte om veiligheid en misdade te integreer met verbeterde tegnologiese hulpmiddels en behoeftebepalings te doen. Al die aksies wat geloods is, word in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) binne die raamwerk van die hersiene Landelike-beveiligingsstrategie, gedoen. Een hiervan, wat binnekort begin word, is geïntegreerde vergaderings met alle plaaswagte, sekuriteitsmaatskappye en die SAPD wat in landelike gebiede en landbougemeenskappe betrokke is by veiligheid en misdaad in georganiseerde landbou se strukture.

Joe Scholtz en Johann Stadler, onderskeidelik van die RPO se Veediefstal-voorkomingsforums in Agri Noord-Kaap en

die Vrystaat, is oortuig dié ooreenkomste gaan landbougemeenskappe bemagtig om hul diens, betrokkenheid en inskakeling te verbeter.

Die befondsing van Agri Securitas wat betref tegnologiese stelsels in landelike gebiede in hoë misdaad areas was ook 'n groot prioriteit by die vergadering. "Hierdie is nie net 'n hande-vat aangeleentheid wat tot

voordeel van landelike gemeenskappe is nie, maar beklemtoon die erns waarmee landelike misdaad aangespreek moet word," het Esterhuyse gesê. "Die betrokkenheid van grondvlakstrukture, wat bydra tot die sukses in die voorkoming en bekamping van landelike misdaad, kan nie oorbeklemtoon word nie.

Want veiligheid begin by jouself."




**Magic**  
LAWNS (PTY) LTD

**INSTANT LAWN**

at *winter special prices*

Tel (016) 428 1116/1193 | Arconpark, Vereeniging

**PLANT COLLECT DELIVER**

<b>POSITION TITLE</b>	<b>Millwright, Pakworks (Pty) Ltd</b>	
<b>MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS</b>	<p>Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies.</p> <p>The position will report to the Technical Manager and will ensure efficient and effective operation of electric works, quick and effective mechanical repairs.</p>	
<b>LOCATION</b>	The position will be based in Heilbron, South Africa.	
<b>REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING</b>	<p>Grade 12 or N3 Approved Apprenticeship Program Trade Test – Electrical and Mechanical</p>	
<b>REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Minimum 3 years experience in required trade.</li> </ul>	
<b>KEY PERFORMANCE AREAS</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Plant maintenance: Electrical and Mechanical.</li> <li>• Plant repairs.</li> <li>• Executing minor projects to improve facilities.</li> <li>• Standby and related adhoc duties.</li> <li>• Housekeeping.</li> <li>• Adhering to all food health and safety requirements.</li> <li>• Any other tasks assigned to the incumbent from time to time.</li> </ul>	
<b>TECHNICAL KNOWLEDGE / COMPETENCIES</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Specific knowledge and experience of the field.</li> <li>• Knowledge of the maintenance system.</li> <li>• Operation of manufacturing equipment.</li> <li>• Mechanical and Electrical inclined.</li> <li>• Problem solving.</li> <li>• Crisis Management.</li> </ul>	
<b>BEHAVIOURAL COMPETENCIES</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Highly motivated and results orientated.</li> <li>• Work and operate independently.</li> <li>• Ability to trouble shoot, remain calm and initiate effective solution in crisis.</li> <li>• Positive attitude.</li> <li>• Live the Company's values.</li> </ul>	

**Closing date: 31 May 2019.**

**Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Geldenhuys**

**Tel: 058 852 3068 \* Fax: 058 852 2216 \* E-Mail: riana@pakworks.co.za**



# SPORTverslag

## Ruan die Caltex wenner

Om 'n rondte van twee onder baansyfer van 'n 11 voorgee af te speel is nie iets wat elke gholfer maklik regkry nie. Ruan Mienie het dit wel reggekry om verlede Saterdag dit te doen, sy tweede nege van 34 houe het aan hom 'n volle 24 punte besorg en opgemaak vir die eerste rondte se 16 punte. Hy wen die dag met 40 punte.

Die ligaspan speel die naweek op

Frankfort teen Bethlehem 2. Heilbron se spanlede soos volg: Jackie Leonard, Julyan Bruyns, Gerrie Muller, Edmund Els, Eben Stander en Obie Oberholzer.

Verskeie putjiespel rondtes is die afgelope paar dae afgehandel. Een van die verrassings was toe Herman Claasen en Johan Weilbach vir Edmund Els en Willem van Schalkwyk gewen het nadat hulle na nege putjies vyf af was.

Volgens "die kletskoning" Claasen, was dit 'n reuse terugveg-poging.

Vanaand se draw staan op R750. Daar is gewone spel vanaf 12:00.



Verlede week se Caltex borgdag winners vl: Eben Stander (38), Gerrie Muller (35), Pieter van Staden (33), Ruan Mienie (40) en Julyan Bruyns (38).

*Oilskin caps & more... visit us in store!*

Herald  
Office National

058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron, 9650  
herald@heilbron.co.za | marketing@heilbron.co.za

### JAARPROGRAM : 2019 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
25 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
1 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
27 JULIE	OVER UNDER SPANSKIET	09:00
17 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
24 AUGUSTUS	BOSVELD OEFENING	09:00
14 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
23 SEPTEMBER	INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN	
5 OKTOBER	SKIET OEFENING	09:00
5 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
19 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
8 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
23 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2020 MOET NOU BETAAL WORD	

**Boere Treat**

**MERK JOU KALENDER**  
**2 - 3 AUGUSTUS '19**

**FONDSE GAAN NA VERSKEIE LIEFDADIGHEIDS-ORGANISASIES**

Herald  
Office National  
Stationery • Technology • Office furniture and more...

**OUR NEW OFFICE PRODUCTS CATALOGUE JUST DROPPED!**

Stand a chance to WIN 1 of 3 Pilot stationery hampers

**GET THE NEW OFFICE PRODUCTS CATALOGUE & A PILOT PERMANENT MARKER FREE**

Stand a chance to win one of 3 Pilot stationery hampers!

HOW TO ENTER:  
1) GET IN TOUCH WITH YOUR NEAREST OFFICE NATIONAL OUTLET  
2) GET YOUR FREE CATALOGUE  
3) POST A SELFIE WITH YOUR CATALOGUE ON OUR FACEBOOK PAGE  
FROM TUESDAY 7TH MAY - FRIDAY 24TH MAY

**Heilbron • Edenville • Frankfort**

**Hugo Groenewald**  
**082 569 7205**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

VLEISSENTRAL

JJ Hadebestraat 97,  
Frankfort, 9830  
Sel: 082 569 7205  
Kantoor: 058 813 1067

**BKB Louwid NOORD**  
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 14 MEI 2019**

VEREENIGING Weeklikse veiling  
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling  
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

**DONDERDAG - 16 MEI 2019**

FRANKFORT Weeklikse veiling  
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

KROONSTAD Weeklikse veiling  
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 17 MEI 2019**

STANDERTON Weeklikse veiling  
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling  
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za  
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07  
Posbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317  
e-pos: frankfort@bkbLouwid.co.za